Geruqte van marteling
Kalender 06 09 89

DIE drie wêrelde sluit in die werk van Muzi Donga, Sokhoya (Charles) Nkosi en Ben Nsusha.

Nkosi se beeld-helderheid in sy linosneë domineer die tentoonstelling. Hy vertoon linosneë wat hy in 1976 gedoen het (was toe nog 'n student by Rorke's Drift?) naas stukke uit die jare tagtig. Wat 'n mens opval in die stukke uit die jare sewentig is die vereenselwiging met Christus se kruisdood in die verskillende kruisigings wat hy uitbeeld. Onwillekeurig vereenselwig die kyker die verskillende sterftes aan die kruis met die gerugte van marteling van mense in aanhouding sonder verhoor wat destyds die rondte gedoen het.

In die jare tagtig beklemtoon Nkosi die sosiale omstandighede van gewone mense en kom jy onder die indruk van die noodlyding van mense wat onder die broodlyn lewe.

Nshushu ondersoek nog verskillende weë van uitdrukking. Sy grafiese werk het trefkrag en die beeldhouwerk waarin hy by Afrika-motiewe aansluit het groter seggingskrag as sy verhalende Gotthard-agtige afleidings: *String operator*.

Donga sluit in die meeste van sy werk op dié tentoonstelling aan by die werksmetodes van Winston Saoli. In *Identification* druk hy homself uit in 'n baie meer konvensionele Westerse manier van skildering. Die voorgrondstillewe bestaande uit die tipiese werksklere van 'n manlike huisbediende – wit werkspak met rooi omboorsel en tekkies – is nou slegs 'n skilderkunstige fragment.

Donga se verwerkliking van die gegewe in 'n betekenisvolle vorm ontbreek nog.

☐ Tot 6 Oktober.

**Drie wêrelde**
**Gallery on the Market**
**Elza Miles**

**Beeldende kuns**

**Biccard/Morrison**
**Karen McKerron**
**Elza Miles**

CAROLYN MORRISON sit haar straatveërs en *Fah-fee*-reeks, die agterplaasmotief wat sy op die vroue kunsfees in 1985 aangeraak het, voort. Toe het haar bediendekamers jou bewus gemaak van 'n beskeie bestaan in agterplase. Nou laat sy die kollig ook val op die "stillewe" in daardie kamer: *Fah-fee*-tekens. Hierdie objekte: Bottels met seewater en emalje bakke op 'n stoel voor die winkel van 'n Indiërhandelaar is 'n vernuwing van die stillewe binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Morrison se hantering van die pous en Moeder Theresa se besoeke aan Suider-Arika verleen verdere aktualiteit aan haar werk terwyl *Natasha's Christening* 'n versoening van ortodokse en hedendaagse elemente is.

Ronnie Biccard betrek eietydse stillistiese elemente in haar werk. So verwys haar hantering van raammotiewe na Margaret Vorster en die potte met vere na Karel Nel *(Feathers of a bird)*.

In *Free spirits* is die teenstelling van geel kanaries en bewegende motiewe bokant hulle 'n treffende verwysing na die spannings tussen natuur en gekunsteldheid. Trouens, dié newestelling vorm 'n leitmotiv in haar werk op die tentoonstelling.

☐ Tot 13 September.

ger Soyer en Margreta Elkins. (19
● EMI SLS 5277: Charles Macker geer die Orkes en Koor van die National Opera. Koormeester: Vic ris. Met Janet Baker, Rosalind Pl David Rendall, Alan Opie, John To en Angela Bostock. (1982).

## Natalie Knight trap klei

KORT ná Elza Miles se resensie kolomme waarin sy 'n verskoni Natalie Knight eis oor die mi van swart kunstenaars, laat weet Burger, ook 'n vaste resensent van Beeld, oor die tentoonstelling wa daarmee aangebied word – *Spie de* – dat dit "nie die moeite werd daaroor te skryf nie: "Dit is blo geraamde spieëls vir kommersië win," sê sy.

Dit is so jammer dat die liefde vi op die lang duur goeie gehalte ve ter.

# Blinde Delvaux bêre sy kwaste

GEORGES SIMENON het al op 70 opgehou romans skryf. Die Belgiese veteraan-skilder Paul Delvaux het eers pas, op 92, sy kwaste gebêre. Hy is half blind.

Delvaux is die laaste groot oorlewende van daardie ou surrealistiese kunsfamilie waaruit onder meer Chirico en Magritte ook stam.

Hy is in 1897 in Antheit, België gebore, en het het die surrealisme op reise Frankryk en Italië toe ontdek. Van sy muurskilderye versier verskeie openbare geboue in Ostende, Leuven en Brussel.

Delvaux-hulle het die skilderkuns met hulle sin vir die bisarre, die mistieke, die droom, en hulle fyn, streng figurering verryk – sonder dat hulle onder die formele surrealistiese etiket gewerk het.

Delvaux se kwas – soos 'n Cocteau se pen – laat 'n mens verby die "werklike" reik na die onsigbare, die poëtiese, die misterie wat dinge en wesens koppel en die alledaagse versoen met die irreële.

Sy groot kenmerkende "medium" is sy naakkuns, geïnspireer deur sy beginjare aan die Belgiese Adademie. Sy landskappe word oorheersend bevolk deur sinistêre naakte vrouefigure: *Die Vrou met die spieël*, *Oorgawe*, *Chrysis*, vroue wat stil en naak in nagtelike plattelandse stasiedekors staan. . .

Dis sy manier om die verband tussen mens en ding so intens moontlik te maak. Net soos hy kleur gebruik om poësie by sy kuns te sit. Kleur is vir hom 'n grondelement van die mistieke, en boonop is dit kleur wat skilderkuns anders maak as beeldhou. Om te dink daar was 'n tyd, in die negentiende de eeu, toe Ingres gesê het lyn is alles, kleur is niks.

– Eben Meiring

naak ... die

NSC 0001-0003-007